

**Sing vooraf:** Skrifberyming 47 (19-1:1)

-1-

Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.  
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal  
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef  
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Psalm 32:1;

-1-

Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Moontlik ook: Psalm 86:3 en Psalm103:2

*Kom ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 145:1, 12

-1-

U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

-12-

Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:3

-3-

Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriend'like-oë / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Gebed

Psalm 107:10

-10-

Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,  
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;  
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,  
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.

Skriflesing: 1 Johannes 5; Johannes 8:1-11.

Teks: 1 Johannes 5:16

**As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee . . .**

Doen ons nie dalk baie keer juis die teenoorgestelde nie?! Is ons nie dalk eerder geneig om ons te verlekkeer as ons 'n naaste in sonde sien val nie – veral as dit iemand is van wie ons nie juis hou nie!

- Dit wat die owerstes gedoen het wat die owerspelige vrou na Jesus toe gebring het, was tipies van die sondige aard van die mens.
  - Hulle wou hê dat sy veroordeel word.
  - Hulle wou sien hoe sy gestenig word.
  - Nie een van hulle het haar bekering begeer nie, en nog minder die herstel van haar eer in hulle samelewing.

Die vraag is: Kan ons werklik die spul Fariseërs veroordeel? Doen ons nie ook baie keer so nie? Hoeveel meer/minder liefde van die Here is daar in ons harte?

Om ons nou van ons eie haat en bloeddors te verlos, gee die Here deur die pen van Johannes nou hierdie heilige opdrag:

- *Bid vir jou naaste wat sondig!*
- *Die Here sal jou gebed verhoor,*
- *en aan jou naaste die ewige lewe gee!*

Johannes is hier aan die einde van die eerste brief wat hy wou skryf. Daar is egter 'n paar slotopmerkings wat die Heilige Gees wil hê wat Johannes nog eers moet neerskryf voordat hy die brief afsluit.

- 'n Paar dinge wat hy net weer wil onderstreep, sodat die gemeente die dinge moet onthou.
- Die dinge gaan oor die gebed!

Die rede is duidelik uit Johannes se briewe:

- Die gemeentedele het 'n groot gebrek aan liefde en respek vir mekaar gehad.
- Elkeen het net op sy eie troontjie gesit.
- Daarom wil die Here hê almal van hulle moet daar afklim en voor Hom op hulle knieë kom staan.

Hulle moet tot Hom bid!

Luister weer na vers 13:

**Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God**

Dit is waarom die Here Jesus vir hulle gesterf het! Daar was by die geadresseerdes van die brief blykbaar 'n mate van ingesonkenheid.

- Nou word die geloof en die vooruitsigte van die geloof by hulle aangewakker.
- Terselfdertyd word dit ook by hulle tuisgebring dat daar bepaalde geloofsverantwoordelikhede is wat hulle moet nakom.

In vers 13 word die verhouding tussen die gebed en die ewige lewe gestel.

- Ons wat glo, moet weet dat ons die ewige lewe het.
- Die Naam van die Seun van God is die waarborg daarvoor.
- Die Naam is natuurlik Jesus, wat beteken *die HERE red!*

Ons kan egter nie hierdie woorde losmaak van die begin van die hoofstuk nie!

- Die Here Jesus red die wat kan en wil liefhê.
- Die Heilige Gees stel dit duidelik dat die liefdeloses verlore gaan! Hoe anders? Hulle dra dan die waarmerk ("logo") van die duiwel.

Daarna (vers 14 en 15) openbaar die Here dinge oor die inhoud van die gebed, en oor die sekerheid dat ons gebede verhoor sal word!

Vers 16 openbaar dat daar egter 'n ding is waaroor nie gebid behoort te word nie.

- Dit is die sonde tot die dood toe.
- Ons ken dit uit (Matteus 12:32; Markus 3:29; Lukas 12:10) as die sonde teen die Heilige Gees.

**En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie.** (Matteus 12:32 AFR53)

**maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel –** (Markus 3:29 AFR53)

**En elkeen wat 'n woord teen die Seun van die mens sal spreek, dit sal hom vergewe word; maar vir hom wat gelaster het teen die Heilige Gees, sal dit nie vergewe word nie.** (Lukas 12:10 AFR53)

Maar, sê die Here terselfdertyd, ons het die verantwoordelikheid om vir ons naaste te bid oor sy ander sondes.

Dis treffend dat die Heilige Gees ons bly terugvat na die liefde toe!

Daar is sekere voorwaardes waaronder toelating tot die ewige lewe geld.

- Die eerste een is geloof in die Naam van die Seun van God,
- maar daarby het ons ook die verpligting tot gebed.
- In ons gebed moet ook 'n pleitrede ingesluit wees vir die vergifnis van ons naaste se sondes – dit kan net gebeur as ons die betrokke naaste liefhet.

Dis asof die Here hier in 'n sekere sin wil sê dat ons ons naaste se lewe met ons liefde vir hom in ons hande het. Liefde en geloof en die ewige lewe is onlosmaaklik aan mekaar verbind.

- As jy die geloof verloor, verloor jy daarmee saam die ewige lewe.
- Maar jou geloof is hier wyer as net jou geloof in God – dis ook 'n geloof in jou naaste.

Hierdie gesindheid ontbreek baie keer in ons lewens.

- Miskien is dit in sekere gevalle vaagweg teenwoordig, maar die werklike Christelike liefde vir ons naaste ontbreek.
- Ons is nie meer oor ons medechristene bewoë asof dit ons eie lewe is wat op die spel is nie! Ons moet wees! Hulle is ons deelgenote in die ewige lewe!

Vers 14 leer dat ons 'n groot vrymoedigheid teenoor God het. Alles wat ons vra, word ons geskenk.

- Die Here verhoor ons as ons bid! Jesaja 30:19 leer al dat die Here genade sal bewys op ons hulpgeroep.

- Dit is nie net 'n hulpgeroep oor ons eie ellendes nie. Nee, die Here sê daar sal 'n volk op Sion woon. Ek moet bid vir die volk van God. Hy verhoor ons almal in ons ellendes.

Dieselfde geld dit wat in gedeeltes soos Matteus 7:7 staan:

**Bid, en vir julle sal gegee word.**

Of die woorde van Johannes 14:13 en 14 waar Christus leer dat Hy alles sal doen wat ons in sy Naam vra, sodat die Vader daardeur verheerlik kan word.

- Die Here verhoor dus ons gebede tasbaar.
- Hy verhoor werklik. Al doen Hy dit soms anders as wat ons dink dat Hy dit behoort te doen.
- Maar die gebedsverhoring is so 'n definitiewe saak, dat ons dikwels verhoor word, nog voordat ons gebid het!

Dan kom die belangrike punt van die gebed wat die apostel Johannes in hierdie hoofstuk wil tuisbring.

- Bid ook vir jou naaste.
- Moenie net bid vir sy voorspoed nie. Bid juis vir sy swakhede.

**As iemand sy broeder 'n sonde sien doen . . . moet hy bid . . .**

Dit is 'n geweldige eis.

Dink aan die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar wat gaan bid het.

- Die Fariseër het God in die tempel gaan dank dat hy beter is as die arme tollenaar.
- Hy het God eintlik gedank omdat hy maar bly is dat hulle op geen wyse met mekaar versoen hoef te word nie! Dankbaar dat hulle lewens op twee verskillende paaie beweeg!
- Dit klink baie na diegene onder ons wat so ongeduldig is met ons medebroeders en medesusters se swakhede.
  - Ons sal dalk nog bid vir ander se bekering – maar is dit taal van die hart?
  - Of is dit eintlik maar net lippetaal – terwyl die werklike diepte en bewoëheid ontbreek.

Soms bid ons dat die Here hom/haar moet vergewe. Maar ons saak met God reg?

- Is die saak waaroor dit gaan, dat ek God en my naaste liefhet, en omdat ek werklik opreg wil hê dat God se eer en my naaste se verlossing die hoofsaak is?
- Die rede waarom ons dit bid, moet wees dat ons dit bid omdat ons die behoefte voel om met daardie naaste voor God verenig te word.

Ons moet beseft hoeveel mag die gebed het. Die Here se broer Jakobus skryf in hoofstuk 5:15 van sy brief dat die gebed van die geloof 'n kranke sal red dat die Here hom weer oprig.

**Selfs as hy sonde doen, sal dit hom vergewe word!**

Dieselfde woorde as in ons teksvers! Dan voeg Jakobus nog die woorde van vers 16 by:

**Die vurige gebed van die gelowige het groot krag.**

Elia was 'n mens.

- *Op sy gebed het dit drie jaar en ses maande lank niks gereën nie.*
- *En hy het weer gebid, en hulle het natgereën voordat hulle tuis was.*

Ons moet onthou dat die gebed se krag tot vandag nog net so sterk is!

Eintlik moet ons vandag met groot huiwering aan hierdie dinge dink, want met dit in gedagte dat die gebed so magtig is, is daar mense in die hemel wat ook bid.

Openbaring 6:9 vv:

**En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? (Openbaring 6:9-10 AFR53)**

Die mense wat onder die altaar is.

- Hulle wat op die aarde 'n marteldood gesterf het ter wille van die Woord van God en hulle geloof!
- Hierdie mense bid ongeduldig dat die Here sy oordeel en wraak op die aarde moet voltrek om hulle bloed te wreek!

**Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?**

Hoe lank nog?! Dis wat hulle bid! Hulle is haastig!

Ons moet, asof koorsagtig, liefhê en bid dat die Here ons sondes moet vergewe.

- Myne, maar ook my medebroeder en medesuster se sondes.
- Die Here moet hulle in lewe bewaar, sodat ons saam die ewige lewe mag deel – die tyd word min!

Die Here het die lewe in sy hand.

- Die Here gee lewe aan hulle wat sondig, en verhoor ons gebede vir mekaar!
- Johannes en Jakobus skryf dat ons vir ons naaste moet bid, dan sal die Here hulle sondes vergewe en vir hulle die ewige lewe gee.

Waar kom hulle daaraan? Esegiël 33:11!!

**So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom moet bekeer van sy weg en sy lewe . . . Bekeer julle . . . Waarom wil julle sterwe . . .**

*Saam met bekering skenk God die lewe.*

- *Hy wil nie hê dat ons moet sterf nie!*
- *Dis waarom die Here ook ons gebede verhoor as ons vir ons naaste se ewige lewe bid!*

Elke sonde stel jou skuldig teen God. En elke sonde is verskriklik.

- Maar tog het God in sy wil vasgestel dat Hy sondes in die verdienste van die Here Jesus gaan vergewe.
- Dit is die sondes wat ons teen onself en teen ons naaste begaan. Sondes soos gebrek aan liefde vir ons medemens vergewe God na werklike berou.

Die Here vergewe ons die oortredinge wat ons doen terwyl ons glo, want dis moontlik om sonde te doen terwyl ons glo.

- Maar dan moet ons daarvoor berou hê, en stry om nie weer dieselfde sondes te doen nie.

- Maar die Here vergewe ons nie as ons om die beurt gelowig en ongelowig is nie!

Dit is ander ding waarvan ons teksvers praat. Dit staan ook in Matteus 12:32:

**. . . maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekoms nie.**

Die sonde teen die Heilige Gees is onvergeeflik. Die Here vergewe dit nooit! Dis ook waarvan daar geleer word in Hebreërs 6:4 vv.

**Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het – om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.**

(Hebreërs 6:4-6 AFR53)

Diegene wat eenmaal verlig geword het deur die Heilige Gees en wat dit dan verwerp. Hulle kan nooit weer gered word nie.

- Die onvergeeflike sonde is om eenmaal in God te glo deur die werking van die Heilige Gees en om al die beloftes en gawes van Jesus Christus te aanvaar – en dit dan daarna te verwerp.
- Dit vergewe God ons nie. Mens kan nie met God speel nie.

Die sondes waarvoor ons vir ons naaste moet bid, is dieselfde as die sondes wat ons doen, maar dit moet nie die sonde wees om God te verwerp nie.

- Ons moet onthou dat ons nie moet bid asof ons sonder enige sondes is as ons bid vir ons naaste se vergifnis nie!
- Ons moet ook nie bid met die belydenis dat ons God se liefde ken - maar dit nie het as dit by ander mense kom nie!

Dit is wanneer ons 'n eerlike verhouding van liefde met God het dat ons ook met ons gebede (voorbidding) die heil van ons naaste bewerk.

- Al kan ons hom/haar nie altyd bekeer van die verkeerde dinge wat hy/sy doen nie, kan ons nog altyd bid.
- Ons gebed dra meer krag as ons dade teenoor hom.
  - Ons kan nie 'n medegelowige wat anders as ek dink (en wat my moontlik selfs in die rug steek!), byvoorbeeld, sommer net laat vaar of “afskryf” omdat hy nie op ons aansporing reageer nie. Ons kan nog altyd bid, en God kan hom bekeer en dinge laat doen wat daarvan getuig dat hy/sy die ewige lewe het.
  - Die Heilige Gees kan nog steeds sy bekering bewerk – selfs vroeër as wat ons dink.

Soos met ons hele godsdiens, lê die krag van ons gebede ook in Jesus Christus en sy verdienste. Aan die kruis sterf Hy nie net vir ons sondes nie, Hy bid ook vir ons:

**Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!**

- Daardeur verwerp ons die ewige lewe, anders sou die hele mensgeslag verdoem gewees het tot in ewigheid.
- Hy oorwin die dood vir diegene vir wie Hy gebid het!
- Dis vir hulle vir wie Hy ook plek voorberei om hulle te kan ontvang.

Nou werk die Heilige Gees in ons en met ons.

- Wanneer ons nou sien dat ons naaste sondig, moet ons eers opregte hartseer beleef.
- Ons moet besef dat ons dieselfde sondes doen, en dat hy/sy net so magteloos is teen sy sondes as ek teen myne.
- Dan sal ons weet om nie te haat nie, maar om lief te hê.
- Dan weet ons om te verstaan hoe groot sy nood is, en ook sy begeerte om vir ewig by God te lewe. Net so groot soos ons s'n.

Laat ons dan nie die werk van die Heilige Gees in ons teleurstel nie.

- Laat ons bid en God verheerlik.
- Maar laat ons ook bid om die vergifnis van ons naaste se sondes.
- Sodat hulle saam met ons lewe tot in ewigheid.

**Amen.**

Slotgebed

Here, laat U Koningswoord ons leer en U Gees ons lei na waarheid en eer. Leer ons om ons naaste hulle skulde te vergewe, maar ook om vir hulle vergifnis en ewige lewe te pleit. Laat ons saam U, Here, prys, en saam oorwin tot U eer. Om Christus ontwil.

**Amen.**

Slotpsalm 104: 20, 21

20-

*Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.*

*En die oorpeinsing van my gees - / mag dit Hom welgevallig wees.*

-21-

*Al wie die HEER se lof mishraag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!*

*My siel, wat uitsing tot Gods eer - / sing onvermoeid, en loof die HEER!*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 24 Augustus 2014**